

want op hierdie rampsalige plek sal julle baie eerder die moord steek as 'n fortuin maak."

Nadat die transportryer vertrek het, het Smart en Bright hartlik same gelag, omdat niteenstaande die wêreld al so verlig is, 'n mens nog sulke eenvoudige mense aantref.

"Verbeel jou," sê Smart, „dat so 'n domkop ons hier wil kom te rede stel! Wis hy maar waar *ons* bewus van is, dan verkoop hy sy wa en osse môre, en begin dan ook met 'n besigheid. Maar dis ook maar gelukkig dat al die mense nie net so vernuftig is as ons nie, want dan sal ons kanse daardeur skraler word, want baie varke maak 'n dun spoeling, soos die spreekwoord sê!"

"Ja, en wat sal so 'n vent nou eendag sê," spog Bright weer op sy beurt, „as hy dit mag te wete kom, dat die firma Smart en Bright dan beskik oor een van die grootste en invloedrykste handelshuise in Suid-Afrika! Want dit kom tog!"

"Die ongeleë plek," hervat Smart weer, met so 'n vies trek op sy gesig, „is sy groot moeilikheid; maar daarmee openbaar hy juis sy onkunde om ons vèrsiende diepsinnigheid te peil."

Op die pad tussen Transvaal en Kimberley het 'n mens destyds gewoonlik etlike klompe Kaffers aangetref, wat gaan en kom, na en van die myne.

Dit was die van Kimberley na die Transvaal terugkerende Kaffers, wat oorsaak was dat Smart en Bright

'n besigheid geopen het, want die algemene gedagte was dat die terugkerende Kaffers altoos goed voorsien was van gesteelde diamante, en wat hulle, as hulle die kans kry, weer van die hand sit.

Sommige mense was weer van oordeel dat die terugkerende Kaffers, nooit g'n diamant had nie, daar die bewaking in die „compounds” te streng was.

Dat die bewaking streng was, is 'n feit, maar dat die Kaffer-vernuf die streng bewaking oortref het, is 'n groter feit.

By die „compounds” op Kimberley had die outoriteite die gebruik om die nuut aangekome Kaffers na 'n lokaal te neem, waar hulle van al hul kledingstukke en toebehoorsels ontdaan word, wat dan daar sorgvuldig opgebêre word. Van daar word die so behandelde Kaffer na 'n ander vertrek geneem en dan van mynklere voorsien, waarmee hy sy huurkontrak moet uitdien. By die end van sy huurtermyn kom hy, voor sy vertrek, vir ag dae in 'n daarvoor bestemde groot lokaal, waar hy gedurende sy verblyf streng bewaak word. Daarna word hy weer na die vertrek geneem, waar hy van die mynklere voorsien is. Sorgvuldig word hy dan ontklee, en na die vertrek vervoer waar sy eie klere opgebêre is, om van daar die myn weer net so te verlaat as wat hy daar in gekom het.

Met sulke voorsorgsmaatreëls was dit, volgens die denkwyse van die mynbase, vir enige Kaffer amper

onmoontlik om diamante uit die myn te vervoer sonder ontdek te word.

Daar is 'n spreekwoord wat lui: „Meester bo meester”, en dit is ook van toepassing hier, want hoe strenger dat die Kimberleymyn-otoriteite met hulle diamantbewaking-sisteem geword het, des te vuriger het die betrokke Kaffers planne beraam om dit te ontduik; waarin hulle vir 'n tydlank groteliks geslaag het.

Die Kaffers had die gebruik, dat as hulle na Kimberley gaan om in die myne te werk, om dan die geselskap, wat uit 'n vyftig of sestig Kaffers bestaan in twee te deel. Die een helfte gaan dan en sluit 'n huurkontrak vir drie maande. Twee dae later daag die ander helfte op en sluit dan ook so 'n kontrak.

By die end van die huurtermyn word die een helfte van die hierbo genoemde geselskap ontslae, na die gewone formaliteite, en gevolglik, twee dae daarna die ander helfte.

By die vertrek uit die „compound”, van die eerste helfte van so 'n geselskap, word dan die deur hulle versamelde diamante in 'n gemerkte blikkie gedoen, en ewe ongeërg op die vullishoop gegooi, van waar dit met die vuilgoed opgelaai word, om buite die stad, op 'n daarvoor bestemde plek, weer neergegooi te word, en waar dit weer opgespeur word deur die flus ontslae Kaffers.

Enkele mense, waaronder Smart en Bright inbegrepe, het van die Kaffer-vernuif geweet, en sodoende daarop

gespekuleer; en vandaar die in die lewe geroepe besigheid van die hierbo vermelde persone.

Alhoewel nou Smart en Bright goed ingelig was wat betref die skelmagtige handelwyse van die Kaffers, had hulle tog 'n groot gebrek, en dit was: hulle had van 'n diamant omtrent net soveel kennis as 'n aap van 'n horlosie.

Nadat die besigheid al 'n ses maande aan die gang was, en nieteenstaande die „firma” alle dinkbare poginge daartoe bewerkstellig had om hulle doel te bereik, tog was hulle per slot van rekening net so ver van hulle einddoel, as toe hulle daarmee begin het; want die Kaffers was ook maar baie versigtig waar en aan wie hulle diamante verkoop het.

„Alle goeie dinge kom langsaam” sê 'n spreekwoord, maar die here Smart en Bright was van oordeel dat in *hulle* geval die goeie dinge maar taamlik lank op pad bly. En as daar nie binnekort verandering sou kom nie, dan sal hulle verplig wees om te erken dat dit waar was wat die transportryer vir hulle 'n maand of wat gelede gesê het: dat hulle besigheid op 'n te ongeleë plek opgerig was.

Op 'n goeie dag egter, toe hulle moedeloosheid al amper 'n toppunt bereik het, bespeur hulle 'n klompie Kaffers wat op die terugreis was van Kimberley af; en wat in die onmiddellike nabyheid van hulle winkel kampeer.

„Ag hemel!” sug Bright, „ek wonder of dit nie met

ons vandag 'n bietjie voorspoediger sal afloop nie, want as daar nie nou iets besonders met ons finansiële toestand gebeur nie, dan sal ons verplig wees om hier op te breek, en ons geluk met iets anders te probeer."

Die firma had 'n kaffer in hulle diens, wat hulle spesiaal daarop aangehou het om die huiswaarts kerende Kaffers van tyd tot tyd te pols, maar tot nog toe, en tot hulle grootste teleurstelling, nog altoos vrugteloos.

As na gewoonte ontvang Klaas, want so het hy geheet, opdrag van een van sy base, om weer so bietjie „hoek te gooi" daar onder die netnou ontslae Kaffers, gepaard met 'n belofte, dat as hy mag voorspoedig wees, hy 'n goeie beloning sou ontvang.

Klaas het toe ook so gemaak, en daar tussen die Kaffers plaasgeneem; en nadat hy met hulle, soas Kaffers die gewoonte het, gesels met: „Waar het jy daardie baadjie gekoop? Wat betaal jy vir die kombers?", en s., het hy al langsamerhand hulle vertrouwe gewin, en toe gevra of hulle nie altemit „'n klip" het wat hulle verkoop nie.

Tot sy grootste verwondering gee een van die geselskap antwoord: „Ja, ek het twee klippe wat ek wil verkoop."

Haastig het Klaas opgestaan, en die maoua met hom meegeneem na die winkel van sy base, sodat hulle verder die besigheid self kon verrig.

Smart en Bright het met gespanne aandag die geselskap Kaffers daarbuite dogehou, en toe hulle bespeur dat een van die Kaffers sy goed vat, en daarmee na hulle

besigheid kom, toe begin hulle harte van blydschap te spartel. En die van-oor-tot-oor glimlag van Klaas het baie daartoe bygedra om hulle vreugde-temperatuur te laat stye.

Die Kaffer wat die „klippe” had, kon g'n woord, as behalwe in sy eie taal, praat nie, en was nog boonop van die dom onnosel soort, wat jy met moeilikheid 'n woord moes uitsukkel. Ja, van die klas, sou mens sê: „Te dom om langs die vuur te sit.” Toe die maoua, by sy aankoms, sy bondel neergooi, om dit los te maak, was die vreugde van Smart en Bright, en Klaas inkluis, bijna grenseloos.

Sonder enige formaliteite het die „stomme skepsel” soos hulle hom simpatiserend genoem het, sy bondel losgemaak, en daaruit nog 'n vuiler bondeltjie, te voorskyn gehaal; dit toe sorgvuldig oopgemaak, en uiteindelik en ten laaste die punt van 'n smerige doek losgeknoop, waarin twee fraai stene was.

Met oopgerekte oë en mond neem Smart die stene in sy hand, wat ongeveer na skatting 180 en 160 karaat respektieflik gewees het, en vra toe, deur middel van Klaas, vir die Kaffer: „Hoeveel?” — „Vyf-en-twintig pond”, was die sonder-erg antwoord van die maoua.

Sonder enige teësprak word die genoemde bedrag aan die „arme booi” oorhandig, met nog 'n eersteklas pak klere, en 'n trop ander goed, soos koffie, suiker, meel en blikkies met ingelegde kos. En steun-steun, onder daardie frag het die maoua getrap.

Dit was al laat, en so teen skemer het die Kaffers weer getrek, en Smart en Bright in hulle toomlose blydschap agtergelaat.

Na die vertrek van die Kaffers word daar 'n bottel drank te voorskyn gehaal, en Klaas moes die „geluk” van sy base drink. Hy ontvang toe as beloning, vir sy deur hulle gewaardeerde werk van die dag, 'n vyf-pond noot.

Daarop het Klaas gaan slaap, en sy twee base aan hulleself oorgelaat.

„Ek sê, Smart,” begin Bright, nadat hulle, in hul slaapvertrek plaasgeneem het, om hulle lankverwagte geluk breedvoerig te bespreek, „het jy opgelet wat 'n mooi Kaffer dit was?”

„Ja,” antwoord Smart, „sy onskuldige voorkoms het 'n diepe indruk op my gemaak, en was dit nie dat ons al so op die boom was nie, dan sou ek bepaald daarvoor gewees het om die stomme ding nog 'n twintig pond ekstra te gee.”

„Ja,” laat Bright met 'n sug van tevredenheid daarop volg, terwyl hy sy glas leegdrink, „is dit nou nie vir jou darem wonderlik nie, dat een mens soveel dommer is as 'n ander? Wis die arme drommel nou van die waarde van die twee kosbare stene, dan was hy vir sy hele lewe gelukkig. En hier gaan hy werklik sy geluk weggooi vir net vyf-en-twintig pond!”

„Dit is wonderlik, maar dit is maar die beloop van die ou akker,” merk Smart op, terwyl hy die as van

sy seroet slaan, en hulle glase weer vul, „en was dit nie so nie wat het dan van jou en my geword! As 'n os byvoorbeeld die vernuf had sy eie krag te ken, sou hy hom dan van die mens, wat soveel swakker is as hy, laat bedwing het? En net so onkundig as diere, aangaande hulle krag is, en waaruit die menslike verstand munt slaan, net so onkundig was die Kaffer met sy rykdom, en waarvan ons deur ons skrandereheid wis gebruik te maak. En dis reg ook!” eindig hy beslis.

„Die Here”, lag Smart, „het die verstand van die ou nasie net so lank as hulle hare gemaak,” en neem toe een van die stene wat voor hulle op die tafel gelê het, in sy hand, om dit vir die duisendste maal die aand weer te bekyk, en wat hom per ongeluk — deur die invloed van die bottel — uit die hand val, en op 'n ysterlees wat langs hul op die vloer gestaan het, te lande kom, met die gevolg dat die „diamant” aan twee spat!

Met oopgerekte oë het hulle die gebroke „diamant” opgespoor, en deur hulle self geroemde skrandereheid ontdek hulle toe dat die „onskuldige, stomme ding” hulle onderdeur gespring het, deur twee doodeenvoudige glase, vir diamante aan hulle te plak!

Dat Smart en Bright nou, nadat hulle „skrandereheid” so skipbreuk gely het, hulle bedien het van onbeskryflike en skrikwekkende woorde, val lig te begryp, en moes hulle tot hul innerlike leedwese onder-



vind, dat as jy *te* slim is, jy jousef fop, en as jy te dom is, 'n ander jou fop.

Haastig het hulle Klaas wakker gemaak, en op 'n perd gesit, om die „satanse” Kaffers agterna te ja.

Klaas het die hele nag gery, en die ander dag aand het hy eers teruggekom sonder iets van die „ellendige” Kaffers te verneem het.

'n Paar dae daarna het die firma Smart en Bright verkas, met die volle bewussyn dat die transportryer nie so dom was as wat hy gelyk het nie; en ook dat hulle nie so slim was as wat hulle gemeen het nie.

---

## Die wondervolle weë van die Heer.

---

Arnoldus Ments was 'n ryk man, wat vroeër as advokaat in Johannesburg, goeie sake gemaak het en 'n aansienlike fortuin versamel het.

Die tyd waarop die verhaal begin, het hy met sy famielie in Pietermaritzburg gewoon, en soas dit algemeen uitgedruk word „van sy rente gelewe”.

Hy was 'n respektabel man: geag en geëerd deur sy vele vriende, maar was nietemin 'n volslae wêreldling. Hy dag van godsdienste maar min, en het menigmaal so ver gegaan dat hy die spot daarmee gedrywe het.

Sy vrou, 'n mooi en net dame van omtrent ses-en-dertig jaar, was 'n nederige en innig godvresende vrou.

Die egpaar, hoewel verskillend van gevoel op godsdienstige gebied, het tog in liefde saamgewoon.

Arnoldus het nooit sy vrou in haar godsdienste gehinder nie, en alhoewel sy dit haar plig geag het, om hom menigmaal in liefde te vermaan, tog het sy nooit sy onverskilligheid omtrent sy sieleheil vir hom verwyte nie.

Die huwelik was net met een kind, 'n dogter, geseën. Helena was haar naam.

Die meisie, omtrent veertien jaar oud, was die ewebeeld van haar moeder en was innig deur vader en moeder bemin, nie alleen omdat sy die enigste kind was nie,

maar temeer omdat sy van jongsaf 'n lief, soet en gehoorsame kind was. Trou deur die moeder opgevoed, het sy wat godsdienst betref, natuurlik in die sienswyse van haar moeder gedeel.

Helena was net so nederig en vroom as haar moeder, en het nooit groter vreugde geken nie, as wanneer sy in eensaamheid met moeder verkeer het, en met haar kon redeneer oor die godsalige toekoms, wat diegene wat hier in die lewe in die spore van geregtigheid wandel, hiernamaals wag.

Natuurlik, soos kan verwag word, het sy dan ook nooit van ydele geselskappe gehou nie, en in die wêreldse vermake had sy g'n welbehag nie.

Hieroor het Arnoldus al 'n paar maal met sy vrou gepraat en was van oordeel dat Helena meer met die wêreld in aanraking moes kom, ten einde haar te bekwaam vir die „groot wêreld”, waarin, soos hy gemeen het, sy in die toekoms 'n prominente plaas moes inneem.

„Helena”, so begin hy op 'n goeie dag, „word tog te ouderwets opgevoed, en haar lewe op die oomblik het baie ooreenkoms met die van 'n non in 'n klooster. Sy is al veertien jaar oud, en ek het my voorgeneem om by die eerste geleentheid haar in aanraking met die groot wêreld te bring, want dit sal uiters goed wees vir haar toekoms as sy iets meer van die dinge buiten die huislike kring weet.”

Amelia, want so het mevrou Ments geheet, het met aandag na die woorde van haar man geluister, en

merk toe smekend op: „Liewe Arnoldus, jy ken ons dogter, en jy weet ook watter gevoelens sy koester omtrent wêreldse dinge. Jy moet haar tog asseblief nie dwing nie, want dit kan moontlik 'n vir haar nadelige uitwerking hê. En wat haar toekoms betref, daarvoor hoef jy jou nie te kwel nie: die is verseker en veilig in die hand van haar Saligmaker.”

„Liewe Amelia,” hervat hy 'n bietjie bitsig, „jy kom altyd met die vroom praatjies voor die dag, en alhoewel ek jou nou nie op dié gebied wil dwarsboom, tog weet jy goed dat ek daar niks van glo nie. Helena sal die wêreld ook leer ken, want soas jy meen, dat 'n mens vir die sieleheil moet sorg, so meen ek op my beurt, dat jy verplig is gebruik te maak van die vrolike en onskuldige vermake van die lewe. En dit kan nie beter geskied nie, as deur haar in aanraking te bring met plesierige geselskappe, soas onskuldige danspartytjies, teaters en sulkes; en ek is gedetermineerd dat so gou as die geleentheid hom voordoen, Helena daarvan sal gebruik maak.”

„Liefste man,” val Amelia terneergeslae in, „dink tog vir 'n oomblik wat jy doen, en wees tog versigtig. Jou verkeerde voornemens, met betrekking tot die toekoms van Helena, kan 'n verkeerde uitwerking hê; en ek is daar oortuig van, dat om haar na sulke plekke van wêreldse vermaak te sleep, dit nie met haar tere gevoelens sal ooreenkom nie. En moontlik kan jy nog, as dit altemit te laat is, daar bitter berou van hê.”

Hierop het Arnoldus g'n antwoord gegee nie, en taamlik boos sy woning verlaat, om 'n bietjie kaart met sy makkers in die klub te speel.

Van die voorgaande gesprek het Amelia aan haar dogter niks meegedeel nie, en met 'n beswaarde gemoed het sy die aand, na die gewone aandgodsdien, met haar bed-toe gegaan. Sy was in haar hart oortuig dat Arnoldus sy pas genome voornemens ten uitvoer sou bring, want sy wis dat hy maar 'n bietjie styfhoofdig was, en as hy eenmaal 'n denkbeeld gevorm het, dan was dit uiters moeilik om hom daarvan af te bring.

Veertien dae na hierdie laaste gesprek ontvang Arnoldus 'n uitnodiging van 'n boesemvriend, vir homself, sy vrou en dogter, na 'n gemaskerde bal, wat vier dae daarna sou plaasvind.

„A!” dag Arnoldus, „'n mooi geleentheid om Helena iets van die, soos hulle die gewoonte het dit te noem ‚ydele vermake van die wêreld’ te laat sien.”

Besiëld met dié gedagte het hy die volgende antwoord geskrywe:

*Geagte Vriend,*

Met dank wens ek die ontvangs te erken van jou geëerde uitnodiging van hede. Dit sal vir Helena en myself uiters aangenaam wees om teenwoordig te wees. My vrou egter, vra met innige leedwese om verskoning.

Geheel die uwe,

**ARNOLDUS.**

Van die uitnodiging het Amelia en Helena natuurlik niks geweet nie.

Op die laaste dag, voor die bal, word Helena deur haar vader by hom in sy sitkamer geroep, en hy sê toe aan haar: „Helena, jy moet jou klaar maak om my vanaand te vergesel na 'n gemaskerde bal. Jou modemaakster sal teen die aand hier wees om jou vir die geleentheid aan te klee. Die uitnodiging het ek reeds vir jou en my aangeneem.”

Helena skrik en word so bleek as die dood, en na enige sekondes sê sy: „Liefste vader, verskoon my tog asseblief, want na so 'n plek kan ek nie gaan nie. In alles wil ek my liewe vader gehoorsaam wees, maar hierin kan ek nie. Daar is nog tyd, wys die hoe welgemeende uitnodiging tog maar af. Ek wil maar liewers by moeder bly. Gods woord”, vervolg sy verder, „sê: Welgeluksalig is die mens wat nie wandel.....”

„Helena!” val haar vader haar driftig in die rede, „hou op met die onsin! Ek *gebied* jou nou vanaand klaar te wees om my te vergesel, en daarmee is alles uit!”

Juis wou Arnoldus heengaan, toe sy vrou die kamer binnekom. Helena vlieg haar moeder in die arms, deel haar snikkend die inhoud van die gesprek mee, en smEEK toe: „Ag moeder! liefste moeder! gebruik tog u kostelike invloed by Vader om my te verskoon, want die gedagte alleen, om op 'n bal gesien te word is genoeg om my te laat sterwe.”

„Kom, kom Helena,” las haar vader in „dis nie so

erg nie, gaan nou maar na jou kamer, en hou jou maar klaar; ek kan jou verseker dat jy 'n genoeglike aand sal deurbring."

Hierop vertel Arnoldus aan sy vrou, dat hy enige dae gelede 'n uitnodiging na 'n gemaskerde bal ontvang het, en dit vanaand sal plaasvind. „Vir jou”, so vervolg hy, „het ek bedank, maar vir Helena en myself het ek aangeneem, en sy sal my vergesel. Ek wil haar graag van die heerlike sonstrale van vermaak laat geniet.”

Amelia het net swaar gesug, maar niks gesê nie, en die vertrek verlaat om Helena op te soek, wat sy in haar kamer in trane gevind het.

„Helena,” so begin sy, „wees maar tevrede, my kind. Jy moet jou vader in alles gehoorsaam wees, al is dit ook al in stryd met jou gevoel. Dit is nie jou skuld dat jy na 'n bal sal gaan nie. Troos jou daaraan dat die liewe Heer magtig is om jou orals te bewaar.”

Om sewenuur was die modemaakster aangekom, om die skoon en onskuldige Helena in 'n balkostuum te steek. Bitter het sy gehuil toe sy die skokkende en afskuwelike kleed bekyk het.

Presies agtuur was die rytuig voor die deur, om Arnoldus en Helena na die nooit te vergete gemaskerde bal te vervoer. Moeder en dogter het by die afskeid, soos verwag kan word, geweene.

Die weer was die aand baie koud en reënagtig, en had vir Helena, soos later sal blyk, maar 'n noodlottige gevolg.

Amelia is vroeg na bed gegaan, dog nie voordat sy eggenoot en dogter in vurige gebed aan die Heer van hemel en aarde opgedra het nie. Sy kon egter nie slaap nie weens die vir haar hartverskeurende gebeurtenis van die dag.

Omtrent middernag is die rytuig met Helena weer teruggekeer. Sy het skielik siek geword, en ly toe aan 'n sware hoofpyn en kouekoors.

Haar moeder het haar haastig 'n warm voetbad gegee en daarna met huismiddels bedien.

Klokslag twee-uur die môre het Arnoldus ook tuis gekom om sy dogter erg ongesteld en ylende, en sy vrou nog wakker en wakende aan die bed van Helena te vind. Hy was wel 'n bietjie verskrik, maar was van oordeel dat dit gou weer sou beter gaan; maar helaas! die siekte het kort daarna so 'n ernstige wending geneem, dat dit noodsaaklik was om die beste geneeskundige hulp in te roep.

Die dokter verklaar toe, na 'n noukeurige ondersoek, dat Helena 'n ernstige koue gevat het, maar tot nog toe was daar hoop. Maar wat die hoop ook al, en die pogings tot herstelling gewees het, tog het die siekte by die uur toegeneem, en teen die aand van die derde dag van haar siekte, was haar lyding smartvol; en net terwyl haar vader in die siekekamer binnegekam was, roep sy eensklaps uit: „O my moeder! ek gaan sterwe, en my Hemelse Vader *gebied* my om tot Hom te kom!”

Natuurlik kan 'n mens begryp dat dié woorde Arnoldus



soos 'n dolk deur die hart moes gegaan het. Maar hy kon dit tog nie glo nie, dat sy liefste Helena hom so skielik deur die dood sou ontruk word nie, en het maar nog gehoop dat sy weer sal herstel.

Wat die hoop ook al gewees het, dit is egter nog dieselfde aand verydel geword.

Met haar sagte oë na die hemel gekeer, roep Helena haar moeder andermaal toe met sterwende stem: „Moeder, my hemelse Vader gebied.....”, en sy was stil, ontbonde van die aardse marteling, om vir altoos met haar Heer en Saligmaker te verkeer.

Arnoldus was rasend van verdriet, want wat hy ook al was, tog had hy Helena innig lief. Amelia daarenteen was stil, en het g'n traan gestort nie, sodat al die vrinde daar teenwoordig, hulle daarvoor verwonder het. Die skynbare onverskilligheid was egter die gevolg van 'n sware slag vir die moederhart.

Slegs twintig dae na die onvergeetlike dood van Helena, bring ons die leser andermaal in dieselfde vertrek waar sy die tydelike met die ewigheid verwissel het, en daar tref ons die moeder aan, gekluister op haar laaste siekbed, terwyl sy besig was, met 'n nog liefdevolle hart, haar Arnoldus vir die laaste te vermaan.

Arnoldus, met gebroke hart en weemoedige gepeins, staan aan die bed van sy dierbaarste, terwyl sy haar reeds verwelkte hand na hom uitsteek, wat hy met terneergeslae blik in syne neem.

Met bliksemsnelheid skiet hom deur die gees die vreugdevolle gewaarwording van die dag, toe hy dieselfde hand in syne voor die preekstoel had, en toe die egverbintenis, wat weldra deur die dood sou verbreek word, so plegtig geslote geword is.

Met betraande oë staar Arnoldus op die nog vir hom dierbare gelaat van sy geliefde vrou, en alhoewel die ernstige spore van verdriet al daarop afgeteken was, tog het daar nog om haar mond so 'n bekoorlike en pleitende glimlag gespeel, dat hy byna van verdriet ineenstort, toe hy aan sy ruwe behandeling dink.

„Arnoldus,” so begin sy, „alles in die lewe het 'n begin en 'n einde, en ek staan nou op die punt om van jou deur die dood geskeie te word. Vir my is dit 'n salige vooruitsig om vir ewig met Hom wat alles vir my veil had, in heerlijkheid opgeneem te word, om vir ewig met haar, aan wie ek tog op aarde so innig verbonde was, verenig te word. Onuitspreeklike heerlijkheid wat ons wag! Want dink tog daaraan, liewe Arnoldus, dat God in Sy dierbare woord gesê het: ‚Oor het nooit gehoor, oog het nooit gesien nie, en in die menslike hart het nooit opgeklim nie, wat die Here berei het vir die wat Hom hier op aarde liefgehad het’. Ag, die gedagte dat jy eenmaal daar deur ons sal gemis word! Dink tog aan die lieflike uitnodiging: ‚Kom herwaarts tot My almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee’. En aan die versekering: ‚Die na My toe kom, sal Ek nooit uitwerp nie’. — Want also lief

het God....." Maar verder het sy nie gekom nie! Die lieflike mond wat in die lewe so ernstig gepleit het, en die bekoorlike oë waarin sulke liefdestrale gefonkel het, was vir ewig in die dood geslote.

\* \* \*

Nege jaar na die hierbo vermelde gebeurtenis is op Pietermaritzburg bekend gemaak, dat 'n beroemde evangelieprediker uit die sendingveld, 'n spesiale godsdiens oefening sou hou; en die prediker was niemand anders as Arnoldus Ments nie, vroeër advokaat van beroep!

Nadat hy twee jaar in die sendingveld gearbei het, het hy teruggekeer, om sekere sake in verband met sy boedel te vereffen.

Dié aand vertel hy aan 'n groot gehoor onder andere sy eie lewensloop tot op die dood van sy dogter en vrou, en voeg toe die volgende nog by: „Baie van die geëerde vrinde hier teenwoordig, sal hulle nog goed kan herinner, hoe dat ek veertien dae na die onvergeetlike dood van my vrou, na 'n gestig vervoer is, as 'n volslae kranksinnige. En dit was my treurige lot om sewe lang jare daar, in so 'n betreurenswaardige toestand deur te bring. In my rustelose oomblikke, so het hulle my meegedeel, het ek gedurig my vrou en liewe dogter geroep deur te sê: „My Hemelse Vader *gebied* julle om na my toe te kom!"

Op sekere môre ontwaak ek, na buitengewoon gerus te geslaap het, en herinner my dat ek die nag gedroom

het dat Amelia en Helena na my toe gekom het met 'n hemelse versoek: „Die oes is wel groot, maar die arbeiders is weinig. Gaan preek die evangelie’.

My verstand was waarlik teruggekeerd. Ek bars toe in trane uit, want ek herinner my weer die dood van my geliefde afgestorwenes asof dit 'n gebeurtenis van slegs 'n maand gelede was.

Toe die geneesheer my dié dag kom besoek, verklaar hy my volkome hersteld, en vyftien dae later is ek uit die kranksinnige-gestig ontslae. Ek het my toe daarna by 'n sending-genootskap aangebied as arbeider vir die sendingveld.

Nadat ek my geskiedenis aan die genootskap bekend gestel het, is my aanbod aangeneem.

Twee jaar het ek nou onder die heidens met groot sukses gearbei, en sodra my sake hier in orde is, vertrek ek weer daarheen, om onder die banier van die kruis te arbei tot eer en verheerliking van Hom wat my so wonderbaar gelei het.”

## Die ervaringe van Groot Frans.

---

Vanmelewe toe treine nog nie so 'n volop artikel gewees het nie, het baie van die boere, in die distrik van Hopetown, die gewoonte gehad om self hulle wol, deur middel van transportwaens na die Baai te vervoer.

Daar so 'n reis toe maar taamlik lank geduur, en gevolglik met groot koste gepaard gegaan het, was dit 'n gewoonte om so 'n hele lot waens, wat aan verskeie boere behoort, onder die sorg van net een opsigter te plaas, om daardeur in 'n sekere opsig soveel moontlik koste te bespaar.

So was daar, in die tyd waarvan ek skrywe, weer 'n trein waens, nege in getal, op weg na Port Elizabeth, en onder opsig van sekere meneer Frans Opperman. Hy had die bynaam van „Groot Frans”, en dit was ook 'n gepaste een, want hy was byna sewe voet lang en nie-teenstaande hy toe maar dertig jaar oud was, had hy al reeds 'n gewig van tweehonderd-en-vyftig pond.

Mooi en sterk geboud, met sy breë skouers, welgevormde gelaat en vrolike voorkoms, het hy by 'n eerste kennismaking 'n baie gunstige indruk gemaak, maar dit het langsamerhand minder geword namate jy hom meer leer ken het, deurdat hy wonderlik baie van baklei

gehou het, en altoos, as daar 'n kans was, 'n geleentheid gesoek het om met die een of ander dwars te trek.

By sekere geleentheid had hy weer 'n rusie op tou gesit, en deurdat die kêrels, met wie hy die twis had, 'n bietjie skrikkerig vir hom gewees het, daar hulle bewus was van die feit dat Groot Frans nie 'n katjie was om sonder handskoene aan te pak nie, het hulle maar probeer om die ding te laat doodloop. Toe Frans dit agterkom dat hulle begin bang te word, het hy somar links en regs begin om klappe onder hulle uit te deel.

Wel, dit was tog 'n bietjie te veel om te verdra, en vyf van die betrokke kêrels pak hom tegelyk; maar byna so gou as wat jy jou oog kan knip, had hy drie van hulle teen die grond, terwyl die ander twee die spat geneem het.

Algemeen was dit bekend dat Groot Frans nog nooit die man op die lyf geloop het, wat hom 'n pak kon gee nie. Maar daar is 'n ou spreekwoord wat sê „'n Kruikie gaan so lank water toe totdat dit breek.” Was Groot Frans nou darem 'n bietjie versigtiger gewees, dan het sy kruikie na alle waarskynlikheid nooit gebreek nie. Tog meen ek dat dit baie maal goed is as mens jou rieme styfloop, want, met sommige uitsonderinge hier en daar, bewerkstellig dit 'n keerpunt in jou lewe, wat dan nie alleen tot eer van jou nie, maar tot nut en opbou van die maatskaplike samelewing strek.

Met die reis waarvan hier sprake is het dit taamlik voorspoedig gegaan. Niks van groot belang het tot nog toe voorgeval nie; maar baiekeer raak die skoonste vooruitsigte belemmer deur 'n voorval wat jy nooit verwag het nie.

Met die geproklameerde transportpad tussen Uitenhage en Graaff-Reinet moes Frans met sy waens die Suurberg oorkruis by 'n plek Groot Poort genoem. Die pad was mooi en wyd, en aan weerskante dik begroei met bome en bosse. Net hier ontmoet Frans twee gelaaide waens, wat op die terugreis was, en behoort het aan sekere twee broers Lottering.

Die kêreltjies was respektieflik omtrent agtien en twintig jaar oud en het hulle waens self gedrywe.

Net toe Groot Frans by die eerste wa verby kom, terwyl hy bo-op die vrag wol lê, onder 'n seiltjie wat hy daar gespan het om die versengende strale van 'n Oktoberson af te keer, sien hy die wa van Lottering en neem toe dadelik die sweep uit die hande van sy drywer, wat vlak voor hom gesit het, en begin die osse van Lottering, van voor af tot agter toe, te piets; en nadat hy die twee agterosse 'n laaste hou gegee het, vang hy Lottering met die voorslag dwarsdeur die gesig.

„H-o-o-k!” skree Lottering, waarop sy osse dadelik gaan staan het. Haastig het hy afgeklim, en na sy broer gehol en die voorval toe aan hom meegedeel.

Onmiddellik daarna klink dit by die agterste wa ook „H-o-o-k!” en nadat daardie osse ook tot stilstand ge-

kom het, gaan die twee broertjies, elkeen gewapend met 'n agterossambok, na die wa waar Frans op was.

„Omie,” so begin Jan, die oudste van die twee, „hoe-kom slaan omie dan my broertjie so verniet?”

„En jou bog!” brul Groot Frans bo van die wa af, „wat wil jy dan altemit gemaak het? Wil jy hê dat ek jou oor my skoot moet trek en 'n afgedankste pak gee, en dan nog op die koop toe bo-oor die span osse gooi ook?”

Klein Lottering het hom nie veel aan Groot Frans se „gebrul” gesteur nie, maar net toe hy die geleentheid daartoe had, herhaal hy weer met so'n pieperige, eentonige stemmetjie; „Waarom slaan omie dan my boetie so verniet?” gepaard met 'n verskriklike raps met die sambok.

Daar Groot Frans nooit so iets verwag het nie, het hy so geskrik, dat hy na die ander kant van die vrag pad gegee het. Knap was hy daar, of hy verneem weer die eentonige stemmetjie van die ander broertjie, met sy „omie, waarom slaan omie my dan verniet?” en haal Groot Frans so 'n geweldige hou met sy sambok, dat hy weer, sonder om daaraan te dink, soos 'n mannetjie bobbejaan na die ander kant retireer. Hier word hy weer begroet met so 'n brandhou, dat hy dadelik anderkant toe moes oorwip. Die slae kom toe so geweldig, dat Frans verplig was sy plan te verander, en spring toe bo van die wa af, dog met die doel, om een van die broertjies te vang.



Maar die tweetjies het die plan agtergekom, en die enetjie, aan die kant waar Groot Frans afgespring het, het so gou as hy maar kon padgegee, daar Frans hom wou vang. Terwyl Frans probeer het om sy pas genome besluit uit te voer, het die ander broertjie weer met sy sambok agter Frans opgedaag en hom gedurig tussen die blaaië gewoel.

Toe Frans nou gewaar dat hy Jan nie kan vang nie, en dat die slae so hard van agter val, het hy haastig omgeruk om sy geluk weer op Karel te probeer. Maar dit het ook niks gegee nie, want toe Karel gewaar dat Groot Frans van koers verander het, het hy so gou as hy daartoe in staat was voet in die wind gesit. En terwyl Groot Frans weer besig was om Karel te vang, was Jan op sy beurt by om syne daartoe by te dra om Groot Frans tot sy plig te bring, en haal hom toe oor kop en rug so hard as hy maar kon.

Nadat Frans so 'n ruk probeer het om nou die, dan weer die ander broer te vang, en tot sy innerlike leedwese moes bespeur dat al sy pogings vrugteloos was, en dat die sambokslae eer meer as minder word, het hy besluit, om maar in hemelsnaam te vlug.

Haastig het hy dan ook sy plan in uitvoering gebring, en so van koers verander dat hy die bergpad, wat daar nie alte hoog was nie, dwarsdeur 'n spekbos, afgespring het.

Toe hy nou uit die bereik van die twee broertjies was, het hy ðarem hulle manhaftigheid bewonder, en aan

hulle die volgende versoek gedoen: „Kom nou hier na my toe, want julle het jul ruitelik gedra, en ek beloof julle dat ek niks verder aan julle sal doen nie. Kom vat my hand, en ons maak alles uit die wêreld.”

„Nee Omie!” laat altwee tegelyk hoor, „Omie sal ons slaan.”

„Nee,” sê Groot Frans met opregte hart, „dit salek nie doen nie, want as ek so 'n plan het, dan kan ek julle mos laat vang, want julle sien tog dat ek baie volk by die waens het; maar ek gee julle my woord van eer dat ek niks verder aan julle sal doen nie.”

Ewe tevrede het die twee broers na Groot Frans toe gegaan, en hulle hand een vir een vir hom gegee. En terwyl hy nog met die hand van die een broertjie in syne staan, sê hy: „Kyk, kêreltjies, so 'n ding het my nog nooit oorkom in my lewe nie, en julle het jul manlik gedra, en my 'n les geleer wat ek nooit sal vergeet nie, en as die Here my mag spaar, dan gee ek julle die versekering dat ek nooit weer die oorsaak sal wees van so 'n voorval as wat vandag hier plaasgevind het nie.”

Daarop het hulle gegroet, en hul waens laat trek.

Groot Frans het sy belofte eerlik nagekom, en was in sy lewe deur almal wat hom geken het, gerespekteer. Die skrywer van hierdie verhaal het die voorreg gehad om Groot Frans persoonlik te ken, en kan met waarheid van sy opregtheid getuig.

Dis 'n onbetwisbare feit dat sekere voorvalle in die

lewe van sommige mense, wat soas dit algemeen uitgedruk word: „G'n salf aan te smeer is nie” so 'n regsomkeer bewerkstellig, dat dit amper ongelooflik lyk.

Ek herinner my, as kind, eenmaal met my suster onder 'n groot akkerboom, waarlangs 'n pragtige stroom water gevloei het, te gestaan het, en terwyl ons daar was, kom daar 'n bekende by ons, maar wat ongelukkig verslaaf was aan die verfoeilike drank. Nadat hy so hier en daarvan gepraat het, merk hy terloops op: „Wat 'n lieflike stroom water!”

„Ja,” laat my suster met so 'n diepe sug vermanend daarop volg: „en menigmaal word die heerlike water, as 't ware, verag ter wille van die sielvernietigende drank; en daar 'n dronkaard nie deel het in die Koninkryk van die hemele nie, sal hy eenmaal, wanneer hy hom in die ewige verdoemenis bevind, nie eers een druppeltjie van die heerlike water kan bekom nie.”

Die uitwerking van die gesegde op die persoon aan wie dit geuiter was, was so effektief, dat hy daarna sy hele lewe deur 'n sober man gebly het.

'n Ander geval was die van 'n vrou van 'n respektabel en welgestelde famielie in die distrik van Calvinia, en wat ook die skrikwekkende en God ontterende gewoonte had, om haar op 'n gruwelike wyse, deur middel van die verslindende drank, te buite te gaan.

Alle pogings deur haar eggenoot gedoen, om haar daarvan te verlos, het maar weer altyd vrugtelos geblyk.

Op 'n ander geleentheid het hy 'n nuwe plan beraam, en haar toe vir 'n tydlank van huis af weg gestuur. Gedurende haar afwesigheid het hy aan die reeds pragtige en goed gemeubileerde woning, 'n nuwe vertrek laat aanbou, en dit op 'n allerkostelikste wyse laat meubel.

By haar terugkoms was sy natuurlik nie bewus van sy voorgenome intensies nie, en nadat hy haar omhels het, het hy haar na die nuut aangeboude vertrek geneem. Terwyl hy met die knop in sy hand staan, om die deur daarvan oop te maak, merk hy in tere liefde op: „Liefste vroultjie, jy is met my bewus van die afgryse ramp wat ons getref het, deur dat jy so jammerlik verslaaf is aan die onheilbringende drank. Jy weet hoe dat ek menigmaal daarvoor gebid het. Hoe dat ek met opregtheid gepleit het, ja gesoebat het; en in oomblikke, toe ek my humeur deur jou ramspoedige gewoonte, verloor het, ook gevloek het; maar alles was tevergeefs. Nou het ek,” gaan hy voort, terwyl hy die deur oop druk, „hierdie vertrek spesiaal vir jou laat inrig,” en stap met haar die vertrek binne.

Toe sy nou in bewondering die prag en praal wat daar ten toon gesprei word, in oënskou neem, het sy so 'n bietjie terug gedeins.

„En”, vul hy verder aan, „hier, soas jy sal bemerk, ontbreek niks. En in daardie pragtig uitgewerkte meubel in die hoek, is 'n half lêer van die sterkste brandewyn. Die vat is deur middel van 'n onsigbare pyp in die muur, in verbinding met daardie kraan vlak by die bed,

en al wat jy moet doen, is net om op daardie bed te gaan lê en tap; en drink jou dan tog asseblief dood!”

Sy doel, uitgewerk deur so 'n sonderlinge plan, was bereik; want met beslistheid laat sy onmiddellik daarop volg:

„In die krag van die Heer, nooit weer 'n druppel drank oor my lippe nie!” En sy het woord gehou.

So kan 'n mens die skielike verandering in die lewe van Groot Frans, rugstaaf deur honderde van sulke feite.

Drie jaar na die voorval in Groot Poort, was Frans as welgestelde boer, en destyds woonagtig in die Vrystaat, weer met 'n vrag produkte op weg na Kimberley. Langs die pad ontmoet hy 'n man, te voet, en wat ook op pad was na Kimberley.

Toe Frans by die persoon kom, het die beleef gegroet, en al wat die persoon by hom had was net een rooi bondeltjie, wat hy in sy hand gedra het.

Nadat Frans die man, wat hom as Jakob Stramrood voorgestel het, ook gegroet het, het hy dadelik gemerk dat Stramrood 'n man was wat beter dae gesien het. Hy het toe aan Stramrood gevra waar die reis na toe was, en die het hom dit weer in kort trekke meegedeel.

„Nou ja, ou maat” sê Frans, „dan kan jy maar, as jy nie omgee nie, opklim en saamry, want dis nog maar ver soontoe, en 'n reis met die wa sal tog nie so vermoeiend as te voet wees nie.”

Stramrood het die aanbod met dank aangeneem, en gedurende die reis die grootste gasvryheid wat onder sulke omstandighede moontlik was, ondervind.

By hulle aankoms in Kimberley het Stramrood, nadat hy help uitspan het, na Frans toe gegaan om hom te groet, en tegelykertyd te bedank vir sy bewese liefde.

Groot Frans merk toe minsaam op: „Jou geselskap was my waarlik aangenaam, en dit spyt my dat dit nie langer kon duur nie; neem my nou nie kwalik nie as ek jou 'n reguit vraag vra, en dit is nie uit nuuskierigheid nie, maar uit medelyde, aangesien jy my vertel het, dat jy as vreemdeling na 'n onbekende plek gaan; en dit is: of jy jou nou darem kan help, so lank as jy nog niks te doen het nie.”

„Nee,” antwoord Stramrood ewe openhartig, „ek het niks, en op die oomblik is my ganse besitting net hierdie rooi bondeltjie,” wat hy toe gelyktydig omhoog hou. „Ek was bevrees,” hervat hy, „dat jy so 'n vraag aan my sou vra, en ek het liever gesien dat jy dit nie gedoen het nie, maar ek neem jou darem dit nie kwalik nie. Daar was 'n tyd in my lewe toe ek oor duisende van ponde te beskik had, maar omstandighede, waaroor ek g'n kontrole had, en ook nie voor te blameer is nie, het my in my teenswoordige toestand gebring.”

Dit was waar, en die rede daarvoor was, dat Stramrood 'n deur en deur eerlike man was. Wou hy, toe hy die kans daartoe had, hom van oneerlikheid bedien het, dan was hy na alle waarskynlikheid die dag daar met 'n koets, in plaas van te voet.

Alte baie het ons al gesien dat 'n skurk met 'n motorkar kan rond baljaar, terwyl 'n eerlike man moet klippe breek om 'n lewe te maak. Hierdeur wil ek nie beweer dat al die eerlike mense aan vernederende werk onderworpe is, en dat skurke ook nie klippe breek nie, maar as 'n skurk *moet* klippe breek, dan is dit darem nie die skuld van sy eerlikheid nie.

Groot Frans het sonder enige seremonies sy beursie uitgehaal en tien pond aan Stramrood oorhandig, met die woorde: „Neem dit as komende van 'n welmenende hart. Dink daar niks van, want ek ag dit niks meer as my plig nie.”

„Baie dankie, meneer Opperman,” laat Stramrood daarop volg, „jou liefde en weldadigheid sal vir my 'n spoorslag in die toekoms wees, en mag ek ook eenmaal in die geleentheid gestel word om jou liefde aan my te beloon, dan sal ek dit 'n groot genot ag.”

Daarop het hulle gegroet, en geskeie.

Twintig jaar daarna, toe Frans al 'n man van in die vyftig was, was hy weer as na gewoonte op weg na Kimberley met twee vragte wol, maar dié slag het hy hom van 'n ander pad, as wat hy gewoon was, bedien, en daardeur by 'n groot besigheid, wat langs die pad opgerig was, te lande gekom, en daar ook uitgespan.

Die eienaar van die besigheid het na Frans toe gekom en hom as Morgenrood voorgestel; en gelyktydig gevra of Frans nie sy wol wil verkoop nie. Frans was maar

'n bietjie skrikkerig vir die langs-die-weg besighede, en het somar sonder doekies om te draai gesê:

„Nee kyk, meneer Morgenrood, ek wil nie my wol hier verkoop nie, want die mense met wie ek tot nog toe besigheid gedoen het, het my nog altyd eerlik behandel.” Waaruit die winkelbaas dadelik afgelei het, dat Frans bevrees was dat hy hom onderdeur wou spring. Met dié vermoede vra hy:

„Maar het jy dan nie jou bale self geweë en genommer nie? Dis mos die gewoonte om dit te doen, en aantekening daarvan in jou sakboekie te hou. Dis nog 'n goeie vier uur te perd hiervandaan, en die ent kan jy jou bespaar, want ek sal jou net so veel vir jou wol gee, as wat jy daar kan kry.”

Frans dag toe by homself, aangesien die man so opreg voorkom, sal hy dit maar wa, en het die wol toe aan hom verkoop.

Die bale word toe van die wa afgelaai, en een vir een geweë. Die gewig het presies geklop met die wat Frans in sy sakboekie opgeteken had. Daarop is die bedrag sekuur uitgewerk en aan hom oorhandig.

Daar hy nou veel gouer kon huiswaarts keer, en die verkoop van die wol so gunstig afgeloop het, het hy besluit om die benodighede wat hy moes koop, somar by Morgenrood te kry. En die pryse was so billik, dat Frans hom daarvoor verwonder het.

Nadat hy klaar gekoop het, word al die goed netjies in kaste gepak, en op die waens besorg.



Omdat die pryse so billik was, het Frans meer gekoop as wat hy anders sou gedoen het. Die rekening was iets oor die honderd pond sterling, wat hy ongelukkig vergeet het om te betaal.

Nadat alles gereed was, het hy opdrag aan sy volk gegee om die osse aan te keer en in te span.

Toe Morgenrood sien dat Frans klarigheid maak om te vertrek, het hy aan hom die volgende voorstel gemaak: „Kyk, meneer Opperman, laat die waens nou maar vort gaan, ek het hier in die stal 'n paar goeie vet perde, waarmee ons later weer die waens kan opvang.” Groot Frans het toe ook ingewillig, en die waens laat trek.

Lekker het hulle in die tussentyd gesit en gesels, en meteens val dit Frans by dat hy Morgenrood nog nie betaal het nie. „Allawêreld, meneer Morgenrood!” sê Groot Frans, terwyl hy van die stoel opstaan en sy bladsak oopmaak om die vereiste bedrag daar uit te haal, „dit val my nou net by dat ek jou nog nie betaal het nie, maar ek het dit werklik skoon vergeet. Neem my dit tog asseblief nie kwalik nie.”

Maar voordat Frans die geld uit die sak had, staan Morgenrood voor hom, met so'n glimlag van tevredenheid op sy skoongeskeerde gesig, en merk toe minsaam op: „Wag, maak toe jou sak, meneer Opperman, ek wil jou eers iets vertel,” waarop hulle weer gaan sit. En met gespanne aandag luister Frans toe na wat aan hom geopenbaar word.

„Oombliklik na jou aankoms hier vanmôre,” begin Morgenrood, „het ek jou herken, en nadat ek bemerk het dat jy my nie herken het nie, het ek my met opset as ‚Morgenrood’ voorgestel. My naam sal jy nog seker goed kan onthou: Jakob Stramrood, met die rooi bondeltjie!”

Groot Frans was so uit die veld geslaan, dat hy nie ’n woord kon praat nie.

„En”, gaan Stramrood voort, „dis ook nie te verwonder dat jy my nie herken het nie, want destyds had ek ’n groot baard, en nou is ek skoongeskeer. Maar wat ek nou eintlik wil sê is, dat ek innerlik in my hart verheug is dat ek weer die voorreg het om jou te ontmoet, en jou nogmaals te bedank vir daardie liefde van die verlede. Die tien pond, wat jy my die dag gegee het, is een van die mylpale in my lewe, wat ek nooit sal vergeet nie.

Nadat ek dié dag afskeid van jou geneem het”, hervat hy, „het ek rondgeval om werk te soek, en word toe gerekommandeer na ’n sekere persoon wat net toevallig daar verby gekom het, en op weg was na ’n gebou waar hy ’n vergadering moes bywoon. Ek het toe somar die man agterna gestap, en toe ek by hom kom, my ekskuus gemaak dat ek hom op straat moet hinder, en aan hom die doel van my koms meegedeel. ‚Ja,’ laat die man ewe ongeërg hom hoor, ‚ek het nou nie tyd nie, wag maar ’n bietjie hier op die stoep, ek is netnu klaar, dan kan jy my sien.’ Ek het toe op die stoep

gaan sit, en kon toe hoor wat daar gepraat word; en uiteindelik word daar 'n besluit geneem om sekere goudhoudende plaas in die Transvaal, vir tienduisend pond te koop. Maar daar word opdrag gegee aan die persone, belas met die koop — en wat die volgende week moes vertrek — om nie hoër as tienduisend pond te gaan nie; dog in elk geval moes hulle trag om dit so goedkoop moontlik te kry. Ek dag toe by myself: ‚hier is darem 'n kans!‘ en gewapend met die tien pond het ek nog dieselfde dag, met die koets van Gibson, op 'n goedkope manier vertrek. Ek het toe die plaas van my bestemming bereik, en het aan die eienaar gevra of hy die plaas nie aan my wou afstaan nie om dit te prospekteer; en ingeval van koop, wat die prys sou wees. ‚Ag, jong!‘ sê hy, ‚jy kan dit maar kry om te prospekteer, en as jy dit wil koop, dan vir tweeduisend pond.‘

In elk geval sou hy dit tog vir tweeduisend pond verkoop het aan die persone wat opdrag had om dit te koop. En by die skrywe van die kontrak, het ek die koopsom vyfduisend pond gemaak, waarmee die ou hoog in sy skik was.

'n Week daarna het die kopers opgedaag, en moes gevolglik toe met my onderhandel. Hulle eerste aanbod was drieduisend pond, maar ek het vasgestaan op tienduisend pond. Hulle het toe ingewillig. Kort daarna was ek weer op weg hierheen om hierdie plaas te koop. Alles gebore uit die tien pond van jou!

En nou, op my beurt weer, wil ek hê dat jy daardie ou bedraggie, wat jy netnou so ernstig oor was, maar asseblief wil hou as 'n geringe bewys van my dankbaarheid vir jou bewese liefde."

Frans het met aandag geluister, en Stramrood hartlik bedank vir sy goedheid, wat hy innerlik waardeer het.

Daar dit toe ook al tyd was om te ry, het Stramrood, op versoek van Frans, die kar laat inspan, en kort daarna was hulle op weg, die waens agterna.

---

## Afrikaans verag en verknoei.

---

Taal, soas ons weet, is die uitdrukking van gedagtes in woorde.

Elke nasie het sy eienaardigheid om dit te doen en is trots daarop, en dis reg ook.

As persone van een nasionaliteit mekaar ontmoet, dan redeneer hulle uitsluitlik, in die meeste gevalle, in hul eie taal, en bedien hulle nie van vreemde woorde nie.

Ek het nog nooit 'n mossie soos 'n patrys, of 'n tortelduif soos 'n tarentaal hoor sing nie. Hulle bedien hulle van die klank, wat die Voorsienigheid aan hulle gegee het.

As die Voorsienigheid wou gehad het dat ek 'n Fransman moes gewees het, dan was ek natuurlik van Franse ouers in Frankryk gebore; en aangesien ek nou van Afrikaanse ouers in Suid-Afrika gebore is, meen ek met reg te konstateer dat die Voorsienigheid van my verwag om getrou aan die taal te bly, deur Hom aan my gegee.

Ongelukkig tref jy dit onder die Afrikaners so dikwels aan, dat as twee mekaar ontmoet, die gesprek so'n mengelmoes van Afrikaans en Engels is dat jy daarvan walg.

En daar is ongelukkig vandag nog onder ons enkele Afrikaners, wat nie net uitsluitend Engels praat nie, maar nog op die koop toe, skaam is vir hul eie taal! En dis nog 'n ingekankerde ondeug wat sy oorsprong het van 1800, toe die Engelse die bewindvoerende gesag geword het van die Kaapkolonie.

Toe moes mens jou òf van Hoog-Hollands, òf van Engels bedien, daar Afrikaans nie erken geword het nie, en as „Hotnots”-taal aangemerkt is. En uit die aard van die saak, is deur middel van die ondeurgrondbare politiek die mond van menige anders invloedryke Afrikaner gesnoer geword. Engels kon of wou hy nie praat nie, met Hoog-Hollands sou hy deur die mat val, en sy eie taal 'n veragtelike! Totdat Ds. S. J. du Toit, een van die vermaardste en bekwaamste Afrikaners, onder 'n helse kritiek, in 1875, die wiel aan die loop gesit het met sy: „Skrywe soos jy praat”.

Bespot en verag deur menigeen van sy ampsbroeders, het hy volgehou, en die oë van sy volk laat oopgaen deur sy moedige Afrikaanse-taalbeweging. Dis nou gelukkig so ver, dat alhoewel destyds baie van die predikante die grootste teenstanders was, party van hulle vandag onder die grootste voorstanders kan getel word, en van die kansel af hulle gemeentes toespreek in die eens veragtelike taal.

Eenmaal had ek 'n gesprek met 'n predikant, en hom toe in minzaamheid daarop gewys hoe verkeerd dit volgens my sienswyse was om sy gehoor nie in

hul eie taal toe te spreek nie, daar Hoog-Hollands by menigeen 'n dwaalbegrip veroorsaak.

„Nee,” sê hy, „soas jy weet, is ek nie juis teen Afrikaans nie, maar as kansel-taal is dit darem nie geskik nie; en ek meen dat dit 'n onjuiste veronderstelling is dat almal nie Hollands kan verstaan nie.”

„Ja,” laat ek daarop volg, „baie van die minder bevoorregte op letterkundige gebied verstaan Hoog-Hollands omtrent net so goed as 'n ou Hotnot, wat eenmaal met 'n Hoog-Hollands sprekende professor deur Mostertshoek gery het. Toe die professor die pragtige Breërivier daar onder in die kloof sien stroom, vra hy aan die Hotnot: ‚Vanwaar heeft deze rivier haar oorsprong?’

‚Nee oubaas,’ antwoord hy doodbedaard, ‚mens kan nie oorsprong nie, mens moet somar deurloop.’

Nou wil ek nie beweer dat mens nie vreemde tale moet leer nie. Nee, intendeel soveel moontlik, maar jou eie taal moet nommer een wees en gesuiwer van alle vreemde woorde.

Die bostaande het ek neergeskrywe om as inleiding te dien vir die volgende verhaaltjie soas ek dit eenmaal gepubliseer het in „Het Westen”.

#### **Die Skaatsbaan.**

K. deel nou ook in die geluk, of ongeluk, soos mens verkies om dit te noem, van 'n skaatsbaan te besit; dit wil sê daar word baie meer *gesit* as mens sou dink.

En dis regtig „surpraaising” hoe dat jong en oud gebruik maak van die, soos hulle die gewoonte het om dit te noem: „amusement” en net waar mens kom, hoor jy maar net praat van: „*Laast naaits eksaaitmen!*”!

Hoe dat John op sy bek geploeë het, en hoe dat Annie toe sy agteroor geslaan het, en in die val aan Dan se baadjie getrek het, dit kort bokant die sakke afgeskeur het, en hoe dat Dan weer „*geswêr*” het.

George wou toe weer Dan tot sy plig bring oor sy „*roednis*”, en in ’n oomblik van onbedagsaamheid wou hy van sy voet gebruik maak, maar verloor toe uit die gedagte dat sy ander „*vastrapper*” ook bewield en gevolglik bevoeterd was, en dit toe sonder kennisgewing somar op eie houtjie ’n ander koers ingeslaan het; eer dat George wis „*hou mennie biens myk faaiw*”, was hy tot groot vermaak van die malkop omswewende skaar been in die lug, en gevolglik tot leedwese van sommige van die pas opgedaagde „*lydies*” het die „*faai*” nie „*ôf gekum*” nie.

Jimmie was ’n „*tjum*” van George, en het hom toe dadelik te hulp gesnel, maar is verhinderd in sy liefdewerk deur ’n ellendige potlood wat op die vloer gelê het, met die gevolg dat Jimmie weer drie new-wies onderstebo geval het, wat vreeslik weer „*gekurs*” het, en die een het nog ’n pruiimpie in die rumoer kwytergelaak ook.

Die aand van tevore was daar ’n nuweling opgedaag, en sê toe: „*Ek wil ook ry!*”



Die goeters wat nes klein trolliewaentjies lyk, word toe onder sy voete vasgemaak, en met behulp van sy maat was hy een-twee-drie op die baan. Maar dit het maar smoor gegaan, want dit was g'n tien nie, of Sam, want so het hy geheet, was op die naad van sy rug. Hy het nog 'n „*travi*” gemaak, en nog een, maar altoos met dieselfde gevolg. Op die ou end lê hy op sy rug, met die bewielde voete in die lug, en kommandeer toe: „Haal af!” Sam was 'n „*determaaind tjep*” en die volgende aand was hy weer daar, en het toe net sy verskyning gemaak toe Jimmie so'n bok gemaak het.

Sam had die wioletjies onder sy voete, maar om sy sure ondervinding van die aand tevore, te vermy, had hy agter sy rug 'n matras en op elke knie 'n kussing vas; en daar gaan hy soos 'n sirkusman, dan op sy rug, dan weer op sy knieë, tot groot verontwaardiging van die ander deelnemers, die baan om.

Voordat Jimmie en die newwies weer orent was, was Sam, met matras en al, bo-op hulle, en die „*faai*” was toe „*jennerel*”.

Die „*lydies*” het „*geskoet*”, en die „*polies*” het toe 'n end aan die rumoer gemaak.

Twee van die dames wat daar was, het die volgende môre, want toe hulle tuis gekom het was dit al laat, met groot geesdrif aan hulle ou vader die „*heppie monuments*” wat so 'n skaatsbaan aan 'n mens besorg opgehemel.

In hulle beskrywing van die baan het hulle natuurlik die Engelse benaming vir so 'n inrigting gebesig, wat

hulle ou vader vreeslik laat skrik het. Met oopgerekte oë sê hy: „Kinders, julle moet nie so lelik praat nie!”

„Maar, Pa,” wou hulle reg help.

„Nee kinders,” val hy hulle in die rede, „dis die sportgees wat julle so ver het, dat julle nie eers meer weet wat julle praat nie.”

„Ag Pa!” laat hulle tegelyk hoor, „ons het mos niks ongemanierds gesê nie!”

„Kinders, wag, bly stil. Dit toon hoeveel respek julle vir 'n ouer het, om sulke verskriklike woorde in sy teenwoordigheid te gebruik. As ek vanmelewe, toe ek nog na julle oorlede moeder gevry het, dit sou gewaag het om so iets voor haar te sê, dan het sy my by-me-kool met 'n besemstok inmekaar gemoker! En ek sê nou vir julle „*eksaatment of nie eksaatment*”, maar van die klok af, bly julle nou tuis.”

## 'n Geregshofsaak.

---

Drie Hotnots: Joe, Henrie en Jakkals, moes tereg staan voor die Magistraat op S, weens 'n aanklag teen hulle ingedien, dat hulle, volgens die akte van beskuldiging, op wederregtelike en onwettige wyse, op sekere datum 'n skaap sou gesteel het van sekere Klaas Klem, woonagtig op die plaas Tonteldoos, en geleë in die distrik S.

Die drie Hotnots, nadat hulle gerangskik is in die prisoniers-boks, as „nommer een”, „nommer twee” en „nommer drie”, het aldie „onskuldig” gepleit; waarop Klaas toe, met vyf getuie moes verskyn.

Drie van die getuie was Engelse, Sam Horton, sy vrou, en Jack Dobie, sy swaer.

Aldrie het plaasgeneem in die daartoe beskikbaar gestelde banke in die Hof, en het met die grootste geesdrif die saak gevolg.

Die ander twee getuie was meide: Klara en Sanna.

Sam Horton was 'n sterkgeboude man, met kort grys krulhare en had 'n doek skuins om sy kop gebind, om sy een oog te bedek, wat maar te danig buite werking gestel was, omdat dit die aand tevore

'in botsing gekom het met die vuus van 'n maat, op 'n drinkpartytjie.

Mevrou Horton was so 'n kort rooi vroutjie, met 'n swart strooihoed, wat byna so groot as 'n sam-breel was.

Jack Dobie was ook frisgeboud, en het met 'n papperige, opgeblaaide gesig, wat mens baie aan 'n opkomende maan laat dink het, vooroor gesit met sy twee arms op sy bene gevou.

Klaas Klem, 'n kort vaal kêreltjie van ongeveer 'n veertig jaar, had 'n baardelose, plat gesig, en kon vreeslik vinnig praat, met 'n vervelende harde stem, wat glad nie by so 'n kort kêreltjie gepas het nie.

Sy pikswart styl hare was agteroor gekam, en omdat dit baie lank was, het dit net soos die stertvere van 'n siek kalkoen agter in sy baadjie-kraag gehang.

Klaas word toe geroep, en nadat hy onder eed verklaar het, dat hy die waarheid, die hele waarheid, en niks anders as die waarheid sal spreek nie, word die vrae aan hom gevra: „Wat is jou naam?”

„Klaas Klem, natuurlik,” antwoord hy, „en ek woon op Tonteldoos, en my oorlede vader het altyd . . . . .”

„Wag!” sê die Magistraat, terwyl hy Klaas bo-oor sy bril beskou, „jy moet 'n bietjie stadig, hoor! En net die vrae wat aan jou gevra word, beantwoord. Wat die ongeluk het jou oorlede vader met die saak te doen?”

„Ken jy die beskuldigdes?” word verder aan hom

gevra. En nadat hy hulle so veragtelik deurgekyk het, antwoord hy:

„Ag, natuurlik meneer! en veral vir Jakkals; hy kan te danig gesange op die konsertiena speel, maar is darem net so skelmagtig slim as die houtjie van die galg; en daardie middelste Hotnot ...”

„Kyk hier!” sê die Magistraat, „ek het jou al eenmaal gewaarsku, en jy moet nou 'n bietjie versigtiger wees, hoor!”

„Dets raait!” sê Jack Dobie hardop, „hie toks too muts.” Waarop een van die Hof-beamptes hom met 'n geweldige stem laat hoor: „Stilte!”

Klaas het toe 'n bietjie geskrik, en met moeite getrag om hom by die vrae te bepaal, en het in sy getuienis 'n verkeerde datum opgegee, waarop Sam Horton hoorbaar uitroep: „Baai jouf! hie ies myking ei mistyk!” Waarop andermaal, met donderende stem verneem word: „Stilte!”

„Wat die ongeluk!” sê die magistraat, taamlik ongeduldig, „vir 'n geselsery gaan daar aan!” Hy kyk toe in die rigting van waar die gepraat verneem word, en sê: „Kyk hier, as julle nie weet hoe om julle te gedra nie, dan laat ek die hele lot netnou uitsmyt!”

Na afloop van die getuienis van Klaas Klem, word aan „nommer een” gevra of hy gehoor het wat die baas daar verklaar het, en of hy enige vrae aan hom wil vra.

„Ja, meneer,” sê Joe, „ek is ook maar baie bly dat

meneer my 'n kans wil gee om iets te vra, want meneer...."

„Nou toe dan!" brul die magistraat, „moenie so baie praat nie, kry klaar en vra wat jy te vra het."

„Nou, meneer, wat ek nou wou gevra het, is net dit, en dit is of die baas iets by my gekry het."

Waarop Klaas „Nee" geantwoord het, en „nommer twee" was aan die beurt.

„Het jy iets te vra?" sê die magistraat.

„Ja, meneer, ek sou ook graag iets wou gevra het, maar baas Klaas moet die waarheid praat, want meneer ken nog nie vir Klaas Klem nie, en...."

„Stop daar!" skree die magistraat, „en vra jou vraag".

„Nou ja, meneer, wat ek dan wou gevra het, is of die baas iets by my gekry het."

Waarop Klaas weer „Nee" geantwoord het.

„En toe, jy?" vra die magistraat vir „nommer drie, „en wat wil jy gevra het?"

„Ek wil net," sê Jakkals, „vir daardie baas gevra het, wat netnou gesê het dat ek so skelm as die houtjie van die galg is, en wat nie waar is nie, soos meneer ook kan sien,.. ." Hy merk toe dat die magistraat ongeduldig word, en sê gou: „Ek wil net gevra het of die baas iets by my gekry het."

„Gekry het!" herhaal die magistraat so ewe stadig, terwyl hy Jakkals dwarsdeur wou kyk, bo-oor die bril.

„En toe!” vra hy vir Klaas, „het jy iets by hom gekry?”

„Nee, natuurlik nie!” sê Klaas, wat nou soos 'n gramafoon lostrek, terwyl die magistraat, so boos as hy maar kan kom, Klaas bo-oor die bril beskou en niks sê nie, „want dan sal sy naam nie Jakkals gewees het nie; en as hy hier los kom, gaan hy wragtie weer skaap steel, want dit lyk vir my maar alte baie of meneer plan het dat ek die saak moet verloor.”

„Stop!” skree die magistraat. „Dis genoeg. Tweemaal het ek jou gewaarsku sonder gevolg, en nou beboet ek jou met twee pond of 'n week tronkstraf, vir belediging van die Hof!”

Sam, sy vrou en sy swaer het met groot opgewondenheid gesit en luister, en onderwyl dat die magistraat besig was om Klaas toe te spreek, pluk Sam uit sy broeksak 'n insektepoeier-blik met snuif, en presenteer dit toe aan sy vrou en Jack.

Aldrie het gesnuife, maar deurdat die snuif baie sterk was, het hulle aan die nies geraak; en veral Sam het so geweldig ge-„ha-tji-go! haa-tji-go!” dat 'n konstabel, op bevel van die magistraat, Sam met moeite die deur uit gekry het.

Hierop staan die Publieke Aanklaer op, en merk toe op: „Agbare heer, aangesien die getuienis van die hoofgetuie maar myns insiens 'n bietjie suspisies voorkom in hierdie saak, en te meer omdat sy verklaring met referte tot die datum, waarop die beweerde dief-

stal sou plaasgevind het, nie ooreenkom met die in die akte van beskuldiging gestipuleerde datum nie, meen ek dat dit wenslik is om die verder prosekusie, in hierdie saak te staak."

"Ek meen ook," sê die magistraat, "dat dit onder die teenswoordige omstandigheid, die beste koers is om in te slaan." En draai hom toe tegelykertyd na die beskuldigdes toe, en sê ewe kortweg: "Toe, julle ,gekrydes', julle kan maar loop!"

Waarop die Hof toe verdaag het.

---



## 'n Gierigaard.

---

Die mens is onderhewig aan baie ondeugde, en niemand anders as hyself, is daarvoor te blameer nie.

Ondeug, nes onkruid, groei welig as dit gevoed word, en net soas onkruid die ondergang van menige edel plant veroorsaak, net so gaan die mens onder wat sy luste botvier, en die vrye teuel daaraan gee.

Een van die walglikste ondeugde wat in die mens aangetref word, is gierigheid.

Gierigheid, die wortel van baie kwaad, kan niemand tot eer of nut strek nie.

Die gierigaard is te geldsugtig om hom behoorlik van kos en klere te voorsien, en nieteenstaande hy daar bewus van is, dat daar ander is wat verlangend uitsien na die dag wanneer hulle hom kan toespyker, sodat hulle kan gebruik maak van die skatte wat hy onder helse folteringe opgesamel het.

Die vrek lê meer ywer aan die dag om die hemelse geluksaligheid mis te loop, as wat die martelaar sou doen om dit deelagtig te word.

Liefdadigheid is by hom iets vreemds, en die geroep van die arme gaan net so maklik die een oor uit as wat dit die andereen ingekom het.

Hy is 'n vyand van homself en die arme. Hy lewe as 'n veragtelike, in die grootste ellende, ly gebrek, en sterwe op die ou end as 'n rampsalige vrek, engee sy siel ook nog prys, want in sy lewe het hy hom maar min bekommer oor die verantwoordelikheid en en onsterflikheid daarvan.

Op die wal van die Vaalrivier, by Hebron, in die Vrystaat, het eenmaal 'n ou klipgeboutjie, met een vertrek gestaan, wat diens gedoen het as die woning van een van die toenmalige delwers wat daar diamant gesoek het.

Die eienaar van die geboutjie was 'n man van ongeveer sestig jaar: 'n bietjie lang, en hy het effens vooroor geloop.

Hy had, diep in sy kop, twee met rooi omsoomde grou ogies; 'n lang regaf neus, en 'n taamlik groot mond, met twee dun lippe. Sy twee ore, wat maar baie groot en plat was, het nie die weemoedigheid wat op daardie gesig so prominent sigbaar was, verbeter nie.

Die lang grys stoppels op sy gesig, is van tyd tot tyd, deur behulp van sy tong, wat die vervalle wange moes uitdruk — sodat hy dit met 'n ou afpunt skêr, en terwyl hy in 'n stukkie spieël kyk — korter geknip.

Omdat hy met g'n mens, so ver hy daartoe in staat was, in aanraking gekom het nie, had hy, weens sy eensameheid, die naam van „Springbok” onder sy mededelwers gekry. Niemand het ooit sy regte naam geweet, en niemand het ooit getrag om dit agter te kom nie.